Sondag

6 Oktober 2019 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Meer geloof

Skriflesing: Lukas 17:5-10 (1953)

[5] Toe het die apostels aan die Here gesê: Gee ons meer geloof.
[6] En die Here sê: As julle geloof gehad het soos ’n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant — en hy sou julle gehoorsaam wees.
[7] En wie is daar van julle wat ’n dienskneg het wat ploeg of vee oppas, en as hy inkom van die veld vir hom sal sê: Kom dadelik hier aan tafel?
[8] Sal hy nie eerder vir hom sê nie: Maak vir my die aandete klaar en omgord jou en bedien my totdat ek geëet en gedrink het; en daarna kan jy eet en drink?
[9] Bedank hy daardie dienskneg, omdat hy gedoen het wat hom beveel is? Ek glo nie.
[10] So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.

Broodjies vir die pad

“You do not need to know precisely what is happening, or exactly where it is all going. What you need is to recognize the possibilities and challenges offered by the present moment, and to embrace them with courage, faith and hope.”
— Thomas Merton

“I believe in intuitions and inspirations...I sometimes FEEL that I am right. I do not KNOW that I am.”
— Albert Einstein

Verjaardagborrel vir twee

Twee Afrikaanse literêre ramme,
Breyten en Ampie, om hul met permissie
op die kaalvoetnaam te noem,
tart op tagtig die kalender
en kaperjol tot ligdag
in ’n Wellingtonse digtersjaart.

Hier langs die veranda by Grevilleas
bring bewonderaars en poëte
’n hand vol vere
en speld die hele dorp se lente
aan die bors van hul idole.

Nou, op die negende verdieping
van hul jare,
staan die verjaardagkêrels
windmaker nader
vir ’n ongedanste dans
in die paradyslike seisoen.

Uit die karaf van die kontrei
skink ons ’n dubbeldop
en drink ’n heildronk
op twee bekwame keldermeesters
van die Wamakersvallei.

Mag hul oë nog elke somer
aardebruin soos appelkoospit glans
en hul name aan die oewer klink
wanneer klippe in die winter
omrol in die Bergrivier.

Zandra Bezuidenhout

“Love isn't something natural. Rather it requires discipline, concentration, patience, faith, and the overcoming of narcissism. It isn't a feeling, it is a practice.”
— Fromm, Eric, The Art of Loving

"God turns you from one feeling to another and teaches by means of opposites so that you will have two wings to fly, not one"
— Rumi, The Essential Rumi

"This is my wish for you: Comfort on difficult days, smiles when sadness intrudes, rainbows to follow the clouds, laughter to kiss your lips, sunsets to warm your heart, hugs when spirits sag, beauty for your eyes to see, friendships to brighten your being, faith so that you can believe, confidence for when you doubt, courage to know yourself, patience to accept the truth, Love to complete your life."
— Ralph Waldo Emerson

"My dear friend, what is this our life? A boat that swims in the sea, and all one knows for certain about it is that one day it will capsize. Here we are, two good old boats that have been faithful neighbors, and above all your hand has done its best to keep me from "capsizing"! Let us then continue our voyage—each for the other's sake, for a long time yet, a long time! We should miss each other so much! Tolerably calm seas and good winds and above all sun—what I wish for myself, I wish for you, too, and am sorry that my gratitude can find expression only in such a wish and has no influence at all on wind or weather!"
— Friedrich Nietzsche

"I want neither a terrorist spirituality that keeps me in a perpetual state of fright about being in right relationship with my heavenly Father nor a sappy spirituality that portrays God as such a benign teddy bear that there is no aberrant behavior or desire of mine that he will not condone. I want a relationship with the Abba of Jesus, who is infinitely compassionate with my brokenness and at the same time an awesome, incomprehensible, and unwieldy Mystery. "
— Brennan Manning

"We pray for the big things and forget to give thanks for the ordinary, small (and yet really not small) gifts."
— Dietrich Bonhoeffer, Life Together: The Classic Exploration of Christian Community

Brood vir die pad

Hoe reageer ons dan op die winde van verandering?

RRV

'There are malignant winds blowing on this blue planet." Met dié waarneming begin die Spaanse sosioloog Manuel Castells sy nuwe boek, Rupture: The Crisis of Liberal Democracy.

Ons bevind ons, skryf hy, op wêreldvlak in 'n maalkolk van meervoudige krisisse: 'n Ekonomiese krisis wat tot onsekerheid en uitbuiting lei. 'n Politieke klimaat wat ons vrese voed en ons vryhede in die naam van veiligheid bedreig. Ons tuiste, die aarde, wat onderweg is om onbewoonbaar te raak. Groeiende geweld teen vroue wat dit waag om gelykheid toe te eien. 'n Samelewing met kommunikasienetwerke wat mense tot data reduseer.

Vir Castells is daar egter 'n ander onderliggende krisis wat vernietigende gevolge het vir ons hantering van hierdie veelvuldige krisisse, naamlik die breuk in die verhouding tussen diegene wat regeer en diegene wat regeer word.

"Hulle verteenwoordig ons nie!" en soortgelyke uitlatings gee uitdrukking hieraan. Die legitimiteit van politieke instellinge en verteenwoordiging binne liberale demokrasieë is dus onder geweldige druk.

In só 'n situasie van wantroue en verwydering is daar wel die geleentheid vir vernuwende denke en optrede, maar daar is ook die versoeking om vatbaar te raak vir sentimente en retoriek wat op die slegter kante van ons menswees inspeel.

Mense mobiliseer daarom maklik rondom diegene wat bereid is om die dinge te sê wat na hul mening deur die elite gesensor word. In dié proses word rassisme en xenofobie dikwels heimlik vertroetel (en soms ook heel kru uitgeleef). En 'n soort "terug na"-denke kry 'n groter houvas: Terug na 'n uitsluitende kulturele identiteit, terug na die patriargale familie, terug na 'n vorm van godsdiens wat duidelike en eenvoudige antwoorde gee.

Castells wys in sy boek op die radikale implikasies van die breuk in die institusionele verhouding tussen die regeerders en die res van die samelewing, maar hy gee nie voor dat hy oplossings het nie. Teen die einde van sy boek waarsku hy wel dat die verskriklikhede van die 20ste eeu ons geleer het dat dit beter mag wees om op 'n kreatiewe wyse met die chaos en onsekerheid saam te leef as om aan valse visies van orde te konformeer.

Wat, sou 'n mens in die lig van sy analise kon vra, behels 'n verantwoordelike morele en geestelike lewe te midde van die invloed van skadelike winde wat ons toekoms bedreig? En herken ons die ander winde wat ook op ons blou planeet waai – sagter briesies wat nie tot skeuring, afskeiding en wantroue lei nie, maar mense beweeg om breuke te heel, brûe te bou en hoop te behou? – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/hoe-reageer-ons-dan-op-die-winde-van-verandering-20190927

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877